# 'n Lewensketes van Prof. Dr. F. Postma

Ferdinand Postma is gebore die 15de Julie 1879 te Aliwal-Noord. Hy was die derde kind en tweede oudste seun van Marthinus Postma en Elizabeth Wilhelmina Jossina Spiller. Die gesin het altesaam elf kinders getel, van wie tien groot geword het. Sy vader, Marthinus

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

Kerk in S.A., na Suid-Afrika gekom in 1858. Tydens die geboorte van Ferdinand was sy vader onderwyser aan die publieke skool te Aliwal-Noord. Sy moeder was van vaderskant van Engelse afkoms. Dit verklaar ook waarom Ferdinand die Engelse taal so goed magtig was. Van sy jeugjare in Aliwal-Noord sou Ferdinand Postma nie veel kon onthou nie, aangesien sy ouers reeds in 1880 na Burgersdorp verhuis het waar sy vader professor geword het in die literariese afdeling van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk.

Sy eerste skooljare het hy deurgebring in die publieke skool van Burgersdorp. In daardie dorp sou hy dan ook in aanraking gekom het met sy gryse grootvader prof. D. Postma. Ook sou hy daar aanskou het hoedat die Teologiese Skool, wat tot nog toe in twee buitekamers van die professorale pastorie gehuisves was, moes verskuif omdat die ruimte daar nie meer voldoende was nie. Hierdie verskuiwing het op plegstatige wyse met 'n prosessie plaasgevind. Die hele prosessie het bestaan uit twee professore en agt studente. By hierdie geleentheid het Ferdinand, wat die skouspel vanuit die straat gadegeslaan het, hom die vraag teenoor sy vader veroorloof: „Is dit die ‚heilige skool' waar Pa in skool gaan?" (Sy vader was toe juis besig om hom te bekwaam

vir die proponentseksamen). Uit hierdie skynbaar nietige insidentjie het groot invloed uitgegaan op die lewe van Ferdinand. Daaruit sou hy leer hoe op klein manier aangesukkel moet word in 'n wêreld wat nie veel van beginsels dink nie. Maar so is ook 'n „heilige" respek by hom ingeboesem vir die goedjies wat na uitwendige afmeting so gering is. Hierdie invloede sou van onskatbare waarde wees in sy latere lewe. Hierdie rigting is nog dieper by hom ingedryf met die stigting van die Vrye Christelike skool in Burgersdorp. Tot sover was hy leerling aan die publieke skool, waar alles baie voortreflik ingerig was en waar die kinders van die elite van die dorp was. In die Vrye Christelike skool was dit die „kleine luyden" en hier was alles so gering en skamel. Toe hy nou oorgeplaas word, het hy dan ook sy misnoeë te kenne gegee. Hy wou nie verhuis nie. Sy vader was egter op die punt van beginsel onverbiddelik. 'n Sware offer vir die jong seun, ook omdat hy van sy vader en moeder 'n gevoel vir elegansie geërf het wat hom sy lewe lank bygebly het. Hierdie gebeurtenisse in sy kinderjare het egter geweldige betekenis gehad vir sy karaktervorming en vir sy latere lewensroeping. Hy het opgegroei in 'n streng Calvinistiese huis en omgewing waar beginseltrou normgewend was.

Sedert 1890 is sy vader predikant van die Gereformeerde Kerk van Middelburg, Kaap. Hier het Ferdinand Postma sy verdere skoolopleiding in die „publieke" skool ontvang, aan die hoof waarvan egter mnr. D. K. Theron gestaan het, 'n deeglike onderwyser en ortodokse man. Wie sal sy invloed bepaal op die vorming van die jonge Postma? Nadat hy hier in 1892 die „elementary" en in 1894 die „skool higher" eksamen afgelê het, is hy deur sy vader na Burgersdorp gestuur, waar hy ingeskryf is aan die Voorbereidende Skool van die Teologiese Skool vir die matrikulasie-eksamen, watter eksamen hy in 1896 met goeie gevolg afgelê het. Met groot inspanning en onvermoeide ywer het hy hom vervolgens voorberei vir die Intermediêre Eksamen van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop. Die resultaat was dan ook skitterend. In 1898 slaag hy hierdie eksamen in die eerste klas en word derde op die lys geplaas. Dit was geen speletjie nie. Die onbekende student uit die veragte Nasaret moes die spesiale aandag trek en dit in mededinging met studente aan die vermaarde kolleges van Kaapstad, Rondebosch en Somerset-Oos. In dié opsig het hy die voetspore van prof. S. Postma, sy leermeester, gedruk wat in die B.A.-lys selfs heeltemal bo-aan gestaan het. Aan Ferdinand Postma is op grond hiervan 'n beurs, geldig vir

twee jaar, deur die Kaapse Universiteit toegeken. Die invloed van sy vader, wat self 'n meester in die Klassieke Lettere was, kan hier nie buite rekening gelaat word nie. Immers dit blyk uit briewe wat sy vader aan hom geskrywe het, dat hy sy seun gedurig bemoedig en aangemoedig het om hom so goed as moontlik te bekwaam sodat hy van diens kan word vir kerk en volk. Sy vader was 'n streng, presiese en onvermoeide werker, eienskappe wat hy ook by sy kinders aangekweek het en wat later ook baie sterk by Ferdinand tot openbaring gekom het.

Maar behalwe dit het sy vader ook by hom die liefde vir die Afrikaanse volk en taal aangekweek. 'n Enkele voorbeeld ter illustrasie. Ds. S. J. du Toit het in die Paarl 'n kongres belê. Ds. M. Postma het sy twee seuns Dirk en Ferdinand ook daarheen saamgeneem. O.a. was op die kongres teenwoordig prof. J. L. Cachet en prof. S. Postma. Dit was bekend as die eerste Afrikaanse Taalkongres (15 en 16 Januarie 1896). Op dié kongres is die belangrike besluit geneem om die eerste Afrikaanse tydskrif „Ons Klijntji" uit te gee. Hieroor skryf prof. F. Postma baie jare later self: „Op die vergaderings het ons studente, wat nog maar jonk was, met groot belangstelling geluister na die vurige pleidooie van die professor en ander vooraanstaandes vir ons taal. Buite die vergaderings het, soos dit vanself spreek, ons studente ons eie besprekinge gehad." Hier het hy ook vir die eerste maal J. D. du Toit ontmoet, wat later groot invloed op sy lewe sou hê.

So het sy vader ook gesorg dat hy die stryd van die Afrikaner leer ken en om daarmee saam te leef. Sy liefde vir volk en taal is blywend versterk, soos dit dan ook later openbaar word in sy hele optrede.

Ferdinand se studie-loopbaan sou egter nou onderbreek word deur die Anglo-Boereoorlog. Nege maande voordat hy die finale B.A.-eksamen sou aflê, breek die oorlog uit. Sy vader wat toentertyd predikant in Johannesburg was, gee aan sy seuns Dirk en Ferdinand kennis dat hulle dadelik na Transvaal moet kom. Tussen sy dokumente vind ons dan ook 'n stuk van die Z.A.R. waaruit duidelik word dat hy op 31 Oktober 1899 die eed van getrouheid afgelê het aan die regering van die Z.A.R Hy sluit gevolglik saam met sy broer aan by die Heidelbergse Kommando. Saam met die kommando het hy Natal ingetrek en deelgeneem aan die beleëring van Ladysmith en die bestorming van Platrand. By Spioenkop het hy ervaar wat 'n bombardement beteken.

Vanweë siekte moes hy egter terug na die laer en daarvandaan na Johannesburg.

Nou het 'n moeilike tyd aangebreek. Met die inname van Johannesburg is sy vader na Oos-Londen verban, sy studieloopbaan is onderbreek, daar is geen fondse en middele vir verdere studie nie. Hollandse vriende egter, verteenwoordigers van die Studiefonds N.Z.A.-Vereniging het dit vir hom moontlik gemaak om na Nederland te vertrek en sy studies daar voort te sit. Daar is hy deur die Afrikanervriend by uitnemendheid, W. Hovy, gehuisves saam met J. D. du Toit. In Amsterdam het hulle twee ruim kamers, drie hoog, betrek. Die alkoof was hulle slaapkamer en die voorste vertrek hulle studeerkamer.

Ferdinand Postma het hom ingeskryf aan die V.U. om hom te bekwaam vir bedienaar van die Woord. Hier sou egter 'n verandering kom in die koers van sy lewe, wat hoofsaaklik toegeskryf moet word aan die invloed van sy mede-student J. D. du Toit. In hulle vaderland het die verwoestende oorlog voortgewoed. Totius skrywe hieroor as volg: „As ons dan saans langs die stille gragte gewandel het, het die gesprek maar altyd weer oor die benarde toestand van ons volk gegaan. Ons het egter nie gemurmureer en geklaag nie, maar telkens die vraag bespreek wat gedoen moet word om ons volk in die toekoms weer op te hef. Al redenerend kom ons toe tot die gevolgtrekking dat Christelike hoër onderwys 'n magtige faktor sal wees om ons volk weer op die regte spoor te bring. Die Vrije Universiteit het ons proefondervindelik voor oë gestel wat 'n hoëskool vir die volkslewe beteken; en prof. Woltjer het ons geleer dat dit op die hoë berge wel stil en eensaam is, dat daar nie veel mense kom nie, maar dat daar in die stilte die sneeu gevorm word wat straks in strome neerdaal om die vlaktes met vrugbare vog te besproei."

Deur hierdie gedagtes geïnspireer, wat aangesluit het by hulle agtergrond en opvoeding, het die twee jong studente 'n ideaal gevorm. Die literariese departement van die Teologiese Skool was die gegewe nucleus wat uitgebou kon word soos hulle hul voorgestel het. Met die oog hierop kon J. D. du Toit dan ook nie rus nie voordat F. Postma finaal besluit het om in die Klassieke Tale onder die bekwame leiding van prof. dr. Jan Woltjer, van Europese vermaardheid, verder te studeer. So het daar in Nederland die gedagte posgevat van 'n hoëskool vir Christelike onderwys. Hier het dan ook die lewensideaal en lewenstaak van F. Postma duidelike vorm en gestalte begin aanneem—die uitbouing van

'n Christelike hoëskool in Suid-Afrika soos die Vrije Universiteit in Nederland. Met groot ywer het hy hom dan ook aan die studie van die Klassieke gewy en in 1904 die graad L.H.C. verwerf (Litterarum humaniorum candidatus).

Andermaal sou sy studie egter onderbreek word. 'n Roepstem kom uit sy vaderland dat hy moet optree as professor litterarum aan die Teologiese Skool. Vir hom was dit 'n swaar offer, omdat dit sy aard was om 'n saak volledig af te handel as hy daarmee begin het. Hy kon egter die dringende roepstem nie weerstaan nie, want dit is tog waarvoor hy hom nou voorberei het. In Januarie 1905 begin hy dan met sy lewenstaak op Potchefstroom nadat die skool intussen oorgeplaas is van Burgersdorp na Potchefstroom. Dit was 'n dag van „kleine dinge". Die aantal studente was maar min, hy moes heelwat vakke doseer en selfs ook les gee in die laere klasse wat toe nog deel gevorm het van die Teologiese Skool.

In Julie van dieselfde jaar is hy deur sy vader in Middelburg, K.P. in die huwelik bevestig met mej. Margaretho Jacoba Coetsee. Nou moes hy die volle lewe aandurf.

Sonder stryd en worsteling het dit egter nie gegaan nie. Die harde werklikheid het die hoë ideale wat in Nederland gevorm is, haas onmoontlik laat lyk. Die skool was klein en die werkkring gevolglik ook baie beperk. Dit het opnuut die verlange na die amp van bedienaar van die Woord in hom sterk laat opleef. Die gevolg is dat hy hom laat inskryf as student aan die Teologiese Skool onder professor J. L. Cachet. Op 6 Desember 1911 lê hy die kandidaatseksamen in die Teologie af. Tog laat hy hom nie beroepbaar stel nie, maar bly aan as professor. Hierin bemerk ons hoedat die Here sy diensknegte voorberei vir hulle taak. Want vir iemand wat 'n Christelike hoëskool moes uitbou, was hierdie teologiese onderleg net so noodsaaklik as sy vorming in die vakke wat hy moes doseer. Wat ook van besondere belang is, is dat hy nou van die Gereformeerde kerk die reg ontvang om te preek in die gemeentes. Hierdeur kon hy die saak van Christelike hoër onderwys gedurig onder die aandag van die volk bring en kon hy die noue verband lê tussen die kerk en hoëskool, iets wat van onberekenbare waarde was in die wordingsjare van die universiteit. Daarmee het die kerk egter ook getoon dat die saak van Christelike hoër onderwys hom baie na aan die hart lê.

Prof. F. Postma het egter student gebly. Hy het dit nog steeds as 'n gebrek aangevoel dat hy nog nie sy studies in die Klassieke Lettere kon voltooi nie. Daarom vertrek hy in 1913 andermaal, met groot finansiële opofferings, met sy vrou en drie kinders na Nederland, waar hy in 1914 aan die Vrije Universiteit promoveer in die Klassieke Lettere met die proefskrif „De Numine Divino quid Vergilius" („Die Godsbegrip van Vergilius"). Hierdie proefskrif het getuig van soveel wetenskaplike aanleg en bekwaamheid dat na die oorlyde van sy promotor prof. J. Woltjer, in 1918 aan hom gevra is deur prof. R. H. Woltjer of sy naam nie aan die senaat van die Vrije Universiteit voorgedra kan word as moontlike plaasvervanger vir prof. Woltjer nie. Voorwaar 'n mooi getuienis vir sy wetenskaplikheid. Dit mag egter nie hier verswyg word wat sy vader alles gedoen het sodat hy sy studie kon voltooi nie. Prof. Postma het net een jaar studieverlof van die Kuratore ontvang. Sy vader ds. M. Postma, predikant van Johannesburg, het elke Maandag van Johannesburg af oorgekom en die klasse van sy seun waargeneem en dan weer elke Vrydag teruggegaan na Johannesburg om sy gemeente te gaan behartig. Die invloed van hierdie daad van sy vader sou seker sy merk op sy seun gelaat het.

Nadat prof. Postma in 1915 teruggekeer het uit Nederland het hy hom nou hart en siel aan die werk gewy. In die jaar 1919 sou die skool 50 jaar bestaan en dit het die gedagte by prof. Postma wakker gemaak dat 'n waardige offer van dankbaarheid by dié geleentheid gebring moes word. In verband daarmee was hy ook deeglik bewus daarvan dat daar wel baie jongmanne was wat verder wou studeer, maar nie die nodige middele besit het nie. Daarom het hy die beweging geloods dat 'n sterk beursfonds opgebou moet word om voornemende jongmanne in staat te stel om hulle verder te bekwaam. Vir dié doel is toe die Jubileumfonds in die lewe geroep en het hy die land deurreis om fondse in te samel. In die begin wou die saak maar nie vlot nie. So rapporteer hy in November 1919: „Veral teen die end van die jaar 1917 het dit gelyk of die hele beweging op 'n mislukking sou uitloop". Wat die saak egter gered het, was dat in daardie jaar die Helpmekaar-beweging groot somme geld ingesamel het, en dit het opvoedend gewerk en die bewys gelewer wat daar gedoen kan word onder die seën van God. Met dankbaarheid kon hy dus op 29 November 1919 rapporteer: „Die God van onse vadere het ons nie beskaam nie. Hy het ons meer geskink as wat ons verwag het en vandag is daar geteken vir die som van £13,757-4-0, en is ont-

vang die som van £11,469-18-4. Sy Naam alleen moet die eer ontvang!! SOLI DEO GLORIA".

Vanaf sy terugkeer uit Nederland in 1915 het die lewensgeskiedenis van prof. Postma meer en meer die geskiedenis van die P.U.K. geword. Deur ontwikkelinge op universitêre gebied in ons land het die geleenthede nou vir hom oopgegaan om sy groot ideaal vir Christelike hoër onderwys meer en meer te verwerklik. Weliswaar het die ontwikkelinge op universitêre gebied groot probleme meegebring, maar dit het juis die sluimerende kragte in prof. Postma wakker geroep en tot geweldige kragsinspanninge aangespoor. Die bekende onderwyswet van 1916 het die Kaapse Universiteit as eksaminerende universiteit afgeskaf en in die plek daarvan twee doserende universiteite en een federale universiteit met verskillende universiteitskolleges in die lewe geroep. Die uitwerking daarvan was dat die studente van die Literariese Departement van die Teologiese Skool in die toekoms altyd eksterne studente sou wees en dus in 'n baie ongelyke posisie geplaas sou word teenoor die studente van die ander kolleges, wat op die duur onhoudbaar sou word. Daar was net een uitweg en dit was dat die Literariese Departement ook by die Universiteit van Suid-Afrika ge-inkorporeer moes word. So 'n stap sou egter baie teenkanting uitlok, ook van die Gereformeerde Kerk. Want die staat was gewillig om die Literariese Departement te inkorporeer op voorwaarde dat die departement geheel en al losgemaak word van die Teologiese Skool. Verder is ook vereis volgens wet dat die „van" van die P.U.K. geskrap moes word. En dit is op hierdie punt waar die toets gekom het. Sou die kerk bereid wees om op daardie voorwaardes te inkorporeer? Want dit het gelyk of so 'n daad eintlik 'n streep sal trek deur die hele strewe van die vaders vir Christelike onderwys. Aan die ander kant, indien nie ge-inkorporeer word nie, dan sou die voortbestaan van die inrigting onmoontlik wees. Hier is prof. Postma se bekwaamheid en leierskap op die uiterste getoets. Maar hy was in die goeie sin van die woord 'n ware diplomaat. Hy het besef dat daar allereers 'n skool moet wees anders kan nie verder gebou word nie. Dit help nie om teen 'n toe deur vas te loop en daar te bly lê nie. As die ideaal dan nie op die kortste pad verwesenlik kan word nie, dan moet maar 'n ompad geloop word. Daarom het hy al sy oortuigingskrag op die sinode van die Gereformeerde Kerk van 1920 aangewend om die saak van inlywing te bepleit al moet die „van" van die inrigting dan maar voorlopig prysgegee word. Dit het geslaag,

miskien ook omdat hy geen vreemdeling was vir die afgevaardigdes nie, maar met die meeste gemeentes bekend was deurdat hy orals gepreek het en insamelings vir die Jubileumfonds gedoen het. Dit was inderdaad 'n waagstuk in die geloof, maar nooit het die ideaal van Christelike hoër onderwys hom verlaat nie. Opmerklik dat dit juis in hierdie krisistyd van die skool was dat hy eers in 1918 die aanbod ontvang het om as kandidaat genoem te word vir die professoraat in die Klassieke Lettere aan die Vrije en toe weer in 1920 beroep word tot predikant van die Gereformeerde Kerk, Pretoria. Albei hierdie sake het by hom geweldige krisisse veroorsaak, maar albei hierdie roepinge was met 'n bepaalde doel gestuur, nl. dat hy dieper oortuig geraak het van sy lewensroeping ten opsigte van 'n Christelike universiteit. Hy is daardeur gedwing om sy hele posisie in oënskou te neem.

In 1921 kom dus die Potchefstroomse Universiteitskollege tot stand, maar sonder sy kenmerkende „van". nl. „vir Christelike Hoër Onderwys". Die inrigting was maar klein waarvan hy rektor geword het.: 5 professore, 5 lektore en 50 studente, met een lid op die administratiewe personeel. Dit het hom nie ontmoedig nie, want van kleins af ken hy al die stryd vir beginsels. Met geloofsidealisme stry hy voort. Hoe dikwels het hy dan ook nie selfs in die beginjare die gedagte uitgespreek dat hy in sy gees sien dat daar op die oewers van Mooirivier eenmaal duisend studente rondwandel. Dit het by menigeen net 'n ongelowige glimlag ontlok. Maar hy het geglo dat hy nie vir 'n verlore saak stry nie.

In die eerste jare na die inkorporasie spits hy al sy kragte toe op die verwydering van die gewraakte gewetensklousule. By die gedagte van neutrale onderwys kon hy hom nie neerlê nie. Met onvermoeide ywer word nou die gedagte van Christelike onderwys gepropageer, oral word komitees gestig van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, partykongresse word toegespreek en vertoë word tot die owerheid gerig. Die doel is egter nie bereik nie, die wet is nie verander nie, maar een ding is gedoen: die gedagte van Christelike onderwys wat aan die uitsterwe was onder die Afrikaanse volk is weer lewendig gemaak. Die saad is gestrooi en sou na jare vrug dra. Ook nou het prof. Postma nie tou opgegooi nie, maar 'n ander pad gevolg. As die wet dan nie verander kan word nie, dan moet dit ten minste op die duur nie van toepassing wees op die P.U.K. nie. Daarom beywer hy hom nou om weer die ou „van" vir die inrigting terug te kry wat uiteindelik in 1933 geslaag het.

Die inrigting kon weer aan die buitewêreld sê wie hy is: Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys.

Vir die bereiking van hierdie doel was 'n gebeurtenis van 1928 nie sonder betekenis nie. 'n Regeringskommissie het aanbeveel dat die Potchefstroomse Universiteitskollege gesluit moet word omdat die toerusting geheel en al ondoeltreffend was. Dit was 'n geweldige uitspraak. Die bestaan en toekoms van die inrigting was op die spel. Dit het egter nie prof. Postma en sy medestryders laat tou opgooi nie, hoewel 'n geweldige groot taak aan hulle gestel is. Geld moes ingesamel word en geboue moes opgerig word. Waar ander kolleges wat vroeër ontstaan het, hulle geboue van die regering ontvang het, moes die P.U.K. nou sy geboue oprig teen die £-vir-£-stelsel. Dit was 'n uitdaging aan prof. Postma en sy medestryders, maar dit het dan ook gelei tot dubbele kraginspanning. Prof. Postma neem self weer die leiding en deurreis nou vir die derde maal sy vaderland om fondse in te samel. Dit was 'n geweldige taak, afmattend, vermoeiend en soms vernederend. Maar die geloof in die goeie reg van die saak van Christelike hoër onderwys het hom geïnspireer om die uiters vermoeiende en soms vernederende werk te doen met groot persoonlike opofferings vir homself en sy gesin, 'n werk wat hy byna onafgebroke gedoen het tot op sy dood. Die gevolg va hierdie vernude kragsinspanning was o.a. die oprigting in 1930—1931 van die sierlike hoofgebou. Hierdie kragtige reaksie van die Calvinistiese stryders het die regering opnuut oortuig dat dit vir hulle 'n saak van lewenserns is en dit het seker ook daartoe bygedra dat die regering in 1933 makliker as andersins toegestem het om weer die „van" van die P.U.K. terug te gee. Postma was daarmee 'n stap nader an sy ideaal. Hy het geweet dat daarmee nog nie alles verkry was nie, maar was verstandig genoeg om op daardie stadium tevrede te wees met wat verkry is. Hy het geglo dat daar voortgearbei moet word om die volle ideaal te verwerklik, maar dat ook geduld beoefen moet word totdat die tyd daarvoor ryp geword het—'n kuns wat hy baie goed verstaan het.

In die jare wat nou gevolg het tot ongeveer 1948 het die ontwikkeling van die P.U.K. vir C.H.O. rustig voortgegaan onder die bekwame rektorskap van prof. Postma. Dit bied ons nou geleentheid om nader kennis te maak met prof. Postma as rektor en persoon.

Deur die inkorporasie van die P.U.K. by die Universiteit van Suid-Afrika het hy die geleentheid gekry om op die terrein van die breëre

universitêre lewe van ons land te beweeg. Hier het hy dan ook spoedig sy merk gemaak. Hoewel rektor van die klein kollege op Potchefstroom, is hy twee maal gekies as voorsitter van die senaat van die Universiteit van Suid-Afrika (1926-1928 en 1936-1938) en een maal tot visekanselier van dieselfde universiteit (1940-1944). Sedert 1917 tot op sy dood was hy lid van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika. In 1931 het hy ook lid geword van die Matrikulasieraad waarvan hy in 1937-38 ook voorsitter was. Met dieselfde deeglikheid en presiesheid het hy ook die belange van die Universiteit van Suid-Afrika gedien, waardeur hy groot aansien verwerf het in die universitêre kringe van ons land.

Dit was egter nie net aan die hoër onderwys wat hy sy kragte gewy het nie, maar in sy tuisdorp was daar haas geen onderwysliggaam waar nie van sy dienste en kragte gebruik gemaak is nie. Hy was voorsitter van die skoolkommissie van die President Pretorius-Laerskool, vir baie jare voorsitter van die Beherende Liggaam van die Gimnasium Hoërskool en voorsitter van die Beherende Raad van die Hoër Huishoudskool, watter skool na sy dood na hom vernoem is. 'n Tyd lank het hy ook gedien op die Potchefstroomse Skoolraad. In verband met hierdie onderwysaktiwiteite staan ook sy werk in belang van die plaaslike dorpsbiblioteek, op die komitee waarvan hy etlike jare gedien het, en die inisiatief wat hy saam met ander geneem het vir die oprigting van die Potchefstroomse Kunsvereniging.

Die Universiteit van Suid-Afrika het in 1949 dan ook aan hom uit erkenning vir sy dienste op onderwysgebied die graad Doctor Educationis honoris causa toegeken.

Hospitale het ook nie buite sy belangstellingskring gelê nie. Vir baie jare was hy voorsitter van die plaaslike hospitaalraad en in belang van die hospitaal het hy ook dikwels die Potchefstroomse distrik deurgereis om fondse in te samel. Later het hy weer gedien as voorsitter van die Raad van die Witrandse Instituut vir swaksinniges.

By al hierdie werksaamhede en rondreise het hy intussen nog steeds opgetree as professor in die Klassieke Tale. Die standaard van sy werk was hoog en van sy studente het hy ook net die beste verwag. Hy was besonder streng en presies en het geen luiheid by sy studente geduld nie. Wie onder hom gestudeer het, het deeglike kennis van sy vak gedoen. Hy het die kuns verstaan om die „dooie" tale te laat leef, veral as hy Vergilius met sy studente behandel het. En hy het nie net

die vak aan sy studente geleer nie, maar ook die metode van studie. Sodoende het hy ook veel bygedra tot die vorming van die teologiese studente wat almal aan sy voete gesit het.

Hy het altyd student gebly en dit ook altyd by sy studente ingeskerp. Nooit het hy 'n klas gegee sonder deeglike voorbereiding nie hoe onbelangrik die klas ook mag lyk. Van vroeg af het hy die Klassieke Tale deur middel van Afrikaans gedoseer, lank voordat enige ander inrigting of selfs skole daarmee begin het. Oor sy vak het hy enkele boeke die lig laat sien soos o.a. 'n Latyns-Afrikaanse, en Afrikaans-Latynse woordeboek en enkele vertalings van die Lewensbeskrywings van Ploutarchos.

Ook in die skrywerswêreld het hy hom begewe. In die tyd toe Afrikaanse boeke nog skaars was, publiseer hy sy eerste roman: „Hy het sy merk gemaak." Hy het gevoel dat hy ook sy kragte moet gee aan die opkomende Afrikaanse letterkunde. Behalwe „Kleopatra", 'n roman oor die verleidelike Egiptiese koningin, het ook van sy hand nog verskyn 'n biografie van Paul Kruger, die stoere Calvinistiese volks- en staatsman wat altyd sy verbeelding aangegryp het, asook „Vuurpyle", waarin hy die lewe van sy ge-eerde vader in romanvorm weergegee het. Vir baie jare het hy studie gemaak van die apostel Paulus en kort voor sy dood het die werk die lig gesien nl.: „Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus." Wie hierdie boek gelees het, sal die geheim verstaan van prof. Postma se lewe. Want hy het ook sy eie werk gesien as 'n roeping en altyd besef dat hy 'n slaaf van Jesus Christus is om op die terrein van die wetenskap die eer van Christus te verkondig. Uit die lewe van Paulus het hy groot inspirasie geput.

Verder, vanweë sy kennis van die Klassieke, was hy in die begin ook een van die vertalers van die Bybel in Afrikaans. Sy ander werksaamhede het hom egter verhinder om daarmee voort te gaan.

Op grond van sy arbeid op onderwys- en letterkundige gebied, het hy in 1931 lid geword van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap, Kuns en Lettere en in 1939 is hy benoem as „fellow" van die Royal Society of Arts, London.

Met die Afrikaanse volk in sy stryd het hy innig saamgeleef. Reeds kort na sy benoeming in 1905 verskyn 'n pamflet van sy hand oor die onderwys van Suid-Afrikaanse geskiedenis op die skole. Met die stigting van die Nasionale Party het hy sy volle gewig ingegooi. Bekend is dan ook sy politieke Kategismus wat hy in die eerste jare van die be-

staan van die Nasionale Party die lig laat sien het. Later kon hy vanweë sy posisie nie meer aktief deelneem aan die partypolitiek nie, maar die saak van sy volk het hy steeds gedien. Altyd het hy verlof aan sy personeellede toegestaan as hulle volksdiens gaan verrig en self het hy meegeleef met alle Afrikaanse organisasies. Van volksfeeste het hy nooit weggebly nie, dikwels as spreker opgetree, ook by die onthulling van die Voortrekkermonument te Bloedrivier. Wat was sy verlange groot om persoonlik aanwesig te wees by die onthulling van die Voortrekkermonument te Pretoria in 1949. Maar sy liggaamskragte het dit hom nie meer toegelaat nie. Nog sien ek hom in my gees hoe hy met sy gebroke liggaam aangestryk het na die Kerkplein op Pretoria om die aankoms van die Rapportryers daar te sien en te deel in die vreugde van sy volk.

Prof. Postma was uitnemend toegerus vir sy lewenstaak, maar daarby ook begiftig met die nodige persoonlikheid, karakter en eienskappe om sy groot lewenstaak tot 'n suksesvolle einde te bring. Om sy sukses as hoof van die inrigting te verklaar, haal ons hier die woorde aan wat deur prof. dr. J. Chris. Coetzee oor hom geskrywe is: „'n Mens se waardering vir prof. Postma gaan heel in besonder oor rektor Postma. Vir meer as 25 jaar het ek onder hom gedien, en in so 'n lang tyd leer 'n mens darem jou baas ken. Ek dink wat 'n mens die meeste in hom as rektor getref het, was sy diens- en offervaardigheid. Al was hy van nature streng, was hy tog nooit hard op of teenoor sy personeel nie. Wat hy van ons verwag het, het hy self gedoen. Hy het verwag dat ons hard en getrou moes doseer—dit het hy self gedoen. Hy het verwag dat ons moet bly voortstudeer—dit het hy self gedoen. Hy het verwag dat ons alles vir ons inrigting moet oorhê—dit het hy self gehad. Hy het verwag dat ons al ons kragte en tyd aan die P.U.K. moes wy—daarin het hy ons self voorgegaan. Hy het verwag dat ons ons vir ons inrigting nie moes skaam nie—daarin was hy altyd vir ons 'n voorbeeld. Hy het hom nie geskaam om vir die inrigting te ‚bedel' nie. Hy was streng maar het tog altyd geduldig en simpatiek geluister na enige een wat van hom raad wou hê. Rustig en saamvoelend kon hy jou die regte weg aanwys. Hy het belang gestel in alles wat ons aangegaan het. Gedurig wou hy weet hoe dit met jou persoonlik en met jou werk gaan. In die 25 jaar het ek nie een insident bygewoon wat maar enigsins sou heenwys na 'n botsing tussen rektor en personeel (of personeellid) nie. Dat die P.U.K. onder sy leiding so kon groei en bloei, moet toegeskryf word

aan sy onbegryplike takt en oordeelkundigheid. Iemand het hom eendag—en dit gelukkig in die beste sin van die woorde—genoem „een van die groot diplomate in ons land". Hy het altyd geweet waar die ingang na 'n gebou is! Teen 'n dooie muur sou hy hom nie vasloop nie. So onversetlik as wat sy wil was, so ryp sy verstand. 'n Man van verstand en stale wilskrag, was hy tog ook 'n mens van innige teerheid". Tot sover prof. Coetzee.

Prof. Postma was 'n gebore leier en het almal geïnspireer met wie hy in aanraking gekom het. Wie hom persoonlik geken het, is altyd getref deur sy hoflike houding. Hy was nooit neerbuigend nie, maar het elkeen met wie hy omgegaan het, sy betekenis en waarde laat besef. Daarom ook sy persoonlike belangstelling in elkeen met wie hy in aanraking gekom het.

Hoewel hy in baie kringe beweeg het, het hy nooit van sy beginsels afgewyk nie, maar altyd sy gang gegaan. Hy het veral daarvoor gewaak om nooit reaksionêr op te tree nie, maar steeds positief te werk en 'n positiewe ideaal na te streef. Sy beginselvastheid het hom egter nooit bars en stug laat optree nie, maar met wellewendheid het hy sy beginsel gehandhaaf en uitgeleef. Hy het 'n ander se standpunt steeds probeer verstaan en waardeer. Daarom was sy omgang met ander mense so eg menslik. Hier laat ons prof. Coetzee weer aan die woord: „Intens was sy belangstelling in almal met wie hy in aanraking gekom het, en hoe kon hy 'n mens nie aanmoedig nie. Hoe innig en versterkend was sy deelneming nie! Dit was nooit oppervlakkig nie, maar altyd diep aangrypend. By siekte was hy die getrouste besoeker: hy was 'n ware krankebesoeker. Toe ek ouderling van ons kerk was, het ek keer op keer ervaar dat siek en sterwende lidmate my vra om ‚meneer' Postma te roep. Hoe baie sterwendes het versoek dat hy die begrafnis moet lei! Hy was van geaardheid rustig, selfs ingetoë, maar as 'n mens die voorreg gehad het om by die uiterlike deur te dring, dan het jy 'n innemende mens ontmoet. Toe ek student by hom was, het ek gedink dat hy nooit lag of 'n grappie kan geniet nie. Later het ek gesien dat hy trane kon lag oor selfs 'n klein insidentjie".

Van sy kerk was hy 'n getroue lidmaat. Hy het wel in die begin van sy loopbaan as ouderling in die kerk gedien. Later jare was hy te veel uit Potchefstroom afwesig om dit te kan doen. Nooit was sy plek in die kerk leeg as hy op Potchefstroom was nie. Hy het met sy kerk meegeleef en vir die Gereformeerde Kerk van Kaapstad het hy in die

beginjare baie gedoen deurdat hy elke jaar Januariemaand in die Kaap moes deurbring in verband met vergaderings.

In sy eie lewe en in dié van sy gesin het hy ook swaar dae geken, dae van langdurige siekte, van smart en verdriet. Intens het hy met sy gesin saamgeleef en wie sal beskrywe wat sy vrou vir hom beteken het in sy arbeid, wat hom so dikwels van die huis weggeroep het. Haar meelewe en stille steun het hom tot veel in staat gestel. Maar laat ons u nader aan prof. Postma bring, aan die eggenoot van sy vrou en vader van sy gesin. Luister dan na wat hy geskryf het in 'n artikel in „Die Huisgenoot" van 27 Desember 1927, getitel „Die Huisklok". Hy stel dit voor asof die huisklok alles aanskou wat in die gesin plaasvind, ook toe die eersgebore seun op tweejarige leeftyd hulle ontneem is: „Die dokter kom uit, en ek hoor hom vir die pappie sê: ‚Die toestand van jou seuntjie is uiters kritiek.'

„Toe ek drieuur aftel, hoor ek in die kamer 'n hartroerende gesnik. Sielsinnig is die snikwoorde van die mammie: ‚Ag, Pappie, Pappie, tog .... ons boetie .... is nie meer nie ....'

„'n Rukkie later lei die vader sy wenende vroutjie uit die kamer. Ek is maar besig, soos altyd, om die minute af te tel. Met betraande oë kyk sy na my toe. Hoe uitgeput, bleek en vergaan is die anders so vriendelike huisvrou! In trane swem die oë, en sy sit daar naas haar man, heeltemal verpletter. Sy een arm rus op die tafel en ondersteun sy hoof, terwyl die ander om sy vroutjie geslaan is, wat teen hom aanleun: „... Moedertjie-lief ... laat ons tevrede wees. Die blommetjie is gepluk ... ons eersgeborene ... Dis die offer wat die Here ge-eis het ... Hy het gegee en Hy het geneem'.

„Hy buig hom neer en met innige teerheid, as priester van sy huis, spreek hy met die Vader in die Hemel.

„Die volgende middag is die ruim eetkamer vol. Dis stil, doodstil. Dis net ek wat praat. Ek moet ook onder sulke omstandighede die tyd aangee .... Plegtig en eenvoudig maar vol van troos was die woorde van die simpatieke leraar. ‚Dis die kruis', het hy laat verstaan, ‚wat ook in hierdie huisgesin, in die harte van die huisgenote geplant is. Laat die kruis heenwys na die groot kruis. Daar is die oplossing van al die teenstellings in die lewe; daar word die antwoord gehoor op die waaroms van die lewe; daarvandaan kom die lig en troos ook vir die gebreekte hart; daarvandaan ook die oorwinning oor die dood: Ek is

die opstanding en die lewe; hy wat in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf.' "

Ons kan egter nie langer hier in die intieme kring verkeer nie, want daarbuite roep die basuin weer op tot stryd. Die jare het aangekruip tot 1948 en hy word geroep tot sy laatste diens hier op aarde. Laat ons dit aanskou. In Januarie 1950 vertrek hy na Kaapstad om die Parlementsitting by te woon, want die private wetsontwerp wat die P.U.K. vir C.H.O. tot selfstandige universiteit sal verklaar moet voor die Volksraad kom. Alle voorbereidings is reeds getref in die loop van die vorige jaar, want 'n regeringskommissie het aanbeveel dat die P.U.K. nou ook 'n selfstandige universiteit moet word. Die bereiking van die lewensideaal is binne sig, maar sal dit so gebeur dat die histories-Christelike karakter van die inrigting wetlik erken sal word? Want daarsonder wil hy nie dat die universiteit selfstandig verklaar sal word nie. Dit is nou die finale krisis. Die spanning is geweldig, ja byna te veel vir hom wat nou nie meer die fiere en sterk persoon is nie, maar een wat sy liggaam met moeite voortbeweeg. Sy liggaamskragte is gebreek. Jare van onvermoeide arbeid en opoffering het hom verteer. Maar ook die ramp wat op 23 Februarie die vorige jaar (1949) die inrigting getref het toe die biblioteek afgebrand het, het hom na die liggaam geknak! Want dit het gelyk of die arbeid van sy lewe opgegaan het in vlamme en verpulver tot as. Dit was vir 'n oomblik te veel vir hom. Toe hy aan 'n intieme kring die rampskade getoon het, het hy in trane uitgebars. Op 9 Maart daarna het hy dan ook die eerste aanval van die siekte gekry wat hom na die graf sou sleep. Reeds vir byna 'n jaar worstel hy met die swakke liggaam om alles vir die wetsontwerp in gereedheid te kry. Nou nader die spanning sy hoogtepunt!

Maar uit die ramp is die goeie gebore. Die inrigting het meteens in die middelpunt van belangstelling te staan gekom. Harte is simpatiek gestem teenoor die inrigting. Die regering keur die wetsontwerp so goed dat die universiteit geroepe is om sy Christelik-historiese karakter te handhaaf! De arbeid van jare is uit genade bekroon. Die P.U.K. sal word die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Teruggekeer in Potchefstroom span hy sy laaste kragte in om alle voorbereidings te tref vir die groot dag van selfstandigwording. Maar dit was hom nie gegun om die dag te belewe nie. Op 1 November 1950 oorval 'n nuwe aanval van die siekte hom en op 4 November 1950 ont-

slaap hy in sy Here en Meester. Hom was dit alleen gegun om van uit die verte die land Kanaan te aanskou, maar hy mog dit aanskou. Met 'n geruste en gewillige gemoed het hy heengegaan want die groot ideaal waarvoor hy geroep was, het in vervulling gegaan!

Inderdaad: Hy het ontslaap nadat hy sy eie geslag volgens die Raad van God gedien het! So lui sy treffende grafskrif (Hand. 13: 36).

J. POSTMA.